"Wie ore het om te hoor, moet luister!" (Luk 14:35c)

Skrifvoorlesing: Lukas 14:15-35

Uit die mond van Jesus hou hierdie woorde vir ons in:

- Aanmoediging
- Waarskuwing
- Geleentheid

Aanmoediging

Jesus moedig ons aan om met die **regte instelling** Gods woord **te hoor** en **te verkondig**.
Die regte instelling om te hoor word hier mooi uitgedruk met "luister". Dit wil sê: aandagtig, ondersoekend, onderskeidend, met verwagting, met ingehoue asem, soos iemand wat in die natuur al die fyn geluide opvang.

Die regte instelling om te verkondig word hier weergegee moet die bevelsvorm: *"moet luister"*. Mense moet die evangelie hoor en daarom moet dit verkondig word. Die bevelsvorm is eintlik onnodig, want wie werklik luister sal ook dit wat hy hoor met ander wil deel. Die bevelsvorm is egter wel nodig, want ons het nie 'n keuse nie.

Die aanmoediging kom hierin na vore: God se boodskap kan gehoor en oorgedra word. Dit is nie 'n geslote boek of 'n onverstaanbare boodskap nie. Jonk en oud, geleerd en ongeleerd mag en moet dit hoor, want dit is die enigste manier hoe God sy reddingswerk aan mense bekend stel.

Waarskuwing

Jesus waarsku ons **teen die nie-gebruik** en **selektiewe gebruik** van ons ore. Dowes en gehoorgestremdes word nie uitgesluit nie, want dit gaan hier oor die mens se vermoë om geestelik te hoor, of dan, in jou hart te ontvang wat jy "hoor".

Die nie-oopstel van ons hart is 'n groot probleem. My sondige aard maak dat ek van nature Gods woord nie wil ontvang nie. Ons verkies die duisternis bo die lig, ons glo liewer die leuen as die waarheid. Daarom is daar 'n **geestelike hartoorplanting nodig, voordat enige mens hom tot God sal bekeer om sy woord te hoor. Bid daarvoor.**

Die selektiewe gebruik van ons hart is ’n groter probleem. Dis waar Israel was en dis waar baie “kerkmense” vandag is. Ons dink ons het klaar gehoor, maar ons het nie. Dis soos sout wat verslaan het. Ons sê ons hoor, maar **as ons net hoor wat óns wil, het ons onbruikbaar vir God geword.**

Geleentheid

Die geleentheid om die regte instelling te kweek en ’n nuwe hart te ontvang is hier en nou terwyl ek na die verkondiging van Gods woord luister.

- Is ek een van die “groot menigte” wat “saam met Jesus reis”, maar nooit werklik my hart oopgestel het om te luister na die vereistes wat Hy aan sy dissipels stel nie? (v 25-27)

- Het ek al gaan sit en die koste verbonde aan dissipel-wees bereken? Het ek besluit om Hom nogtans te volg, al kos dit ook wat?(v 28-33)

- Hoe dikwels word ek genooi om deel te neem aan Jesus se “groot maaltyd”, maar dan het ek een of ander verskoning om dit nie te doen nie?(v 15-20)

- Hoe reageer ek as die Here by my verby gaan na “die strate en gangetjies van die stad” en “die armes en kreupeles en blindes en verlamdes” innooi?(v 21-24)

- Is ekself bereid om die opdrag te gehoorsaam, die opoffering te doen, en daardie uitnodiging te rig?